Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

OMSENDBRIEF 15/2018 **17 Julie 2018**

Geagte Ouers

Ons bring graag die volgende onder u aandag.

1. **Welkom terug**
   Baie welkom terug na die heerlike wintervakansie. 'n Besondere woord van welkom aan al die leerders wat hierdie kwartaal by Laerskool Dagbreek ingeskryf het. Ons vertrou dat julle vinnig sal inskakel en baie gelukkig hier gaan wees.

2. **Ouermiddag**
   Op Woensdag 25 Julie 2018, het ons ouermiddag. Graad R, 1 en 2 vanaf 13:30 tot 14:30. Die Graad 3 tot 7- en LSOB-leerders vanaf 14:00 tot 14:45.
   U is baie welkom om die onderwysers te kom sien oor enige Kurrikulêre aangeleentheid.

   As die tyd nie vir u geleë is nie, moet u asseblief 'n afspraak met die betrokke onderwyser maak.

3. **Rapporte**
   Ouers, u kind het reeds op Vrydag 22 Junie 2018 sy/haar rapport vir die tweede kwartaal ontvang. U moet asseblief die rapport teken en terugstuur skool toe vir kontrole-doeleindes.

4. **Personeelaangeleenthede**
   Mnr. Chris Kleinhans gaan ons aan die einde van die maand verlaat. Hy en sy gesin emigreer na Nieu Zealand en ons bid vir hulle voorspoed en seën toe met hulle toekomsplanne. Baie dankie vir sy harde werk en die verskil wat hy kom maak het in 'n baie kort tydjie.

5. **Buite-muurse aktiwiteite**
   Hierdie kwartaal is 'n vol en besige kwartaal. Die hokkie- en krieketligas begin eersdaags en leerlinge wat vir die spanne gekies word, moet asseblief getrou hulle oefeninge bywoon.

   Die Revue-optredes is ook aan die einde van die hierdie kwartaal. Dit beloof om weer aanskoulik te wees en ons sien uit na hierdie spogaande. Hou die "Communicator" dop om te sien wanneer die kaartjieverkope begin.

admin@dagbreek.co.za

6. **Kersfees in die Winter**
   Baie dankie vir die oop harte van elke Daggie-leerder en hul ouers wat so ruim bygedra het om van hierdie projek 'n sukses te maak. Vir die wat graag nog 'n kans wil hê om onbederfbare voedsel, klere en komberse te skenk, kan dit nog tot die einde van volgende week vir ons skool toe te stuur. Ons sal hierdie skenkings aan hulpbehoewende gesinne in ons gemeenskap uitdeel.

7. **Projekte**
   Dit is werklik met groot dankbaarheid, dat ons met trots die volgende projekte wat afgehandel is, aan u deurgee.
   - 13 van ons klasse is toegerus met die nuutste tegnologie in Interaktiewe witborde, wat ook aan ons leerders nuwe horisonne sal open in die leerproses.
   - Die saal se ligte is vervang met nuwe en meer ekonomiese ligte
   - Die verhoog is vergroot, geskuur en vernis en nou kan ons, van ons groter funksies met trots in ons saal aanbied.
   - Die saal se dak aan die buite-kant is herstel.
   - Bankies is by die wagarea gebou vir die leerders om op te sit terwyl hul wag vir hul vervoer.
   - Ons sekuriteitsstelsel is uitgebrei.
   - Nuwe stoele vir die klasse is ontvang.
   - Nuwe krieketmatte is in die nette aangebring.

8. **Vakansiedae**
   Daar is drie vakansiedae in die derde kwartaal in skooltyd nl., 9 Augustus (Vrouedag); 10 Augustus (Skoolvakansiedag) en 24 September (Erfenisdag).

   Op al die ander dae sal onderrig normaal voortgaan. As 'n leerder een van die skooldae nie by die skool is nie, is dit die verantwoordelikheid van die leerder om die werk in te haal.

   Die kwartaal is baie kort en Assessering vind deurgaans plaas. Sorg asseblief dat u kind elke dag by die skool is, oplet in die klas, getrou huiswerk doen, betyds begin werk aan opdragte of take en leer vir toetse. Alle opdragte "tel" vir die Rapportpunt aan die einde van die kwartaal.

9. **Advertensieborde**
   Besighede wat advertensieborde by Laerskool Dagbreek se parkeerarea wil aanbring, kan dit doen teen R100 per maand of R1000 per jaar. Kontak asseblief die skool (018 787 4171) as u belangstel, vir verdere inligting.

10. **Padpatrollie**
    Ouers, ons rig **weer** 'n vriendelike versoek dat u die verkeersreëls sal gehoorsaam as u, u kind by die skool kom op- of aflaai. **Deur 'n ongeduldigde of selfsugtige padgebruiker te wees, stel u die lewens van ons leerders in gevaar.** Kom ons leer vir ons kinders respek vir ander aan, deur ons optrede teenoor mede-padgebruikers by die op- en aflaaisones by die skool. Dit is ons droom om

gebalansseerde, goed-aangepaste leerders die wêreld in te stuur en dit **begin by u** in alledaagse take en optredes.

11. Veiligheid

Die veiligheid van ons kinders is vir ons 'n prioriteit. Ons moes egter in die afgelope maand talle ouers weer vra om die skoolterrein voor- en naskool te verlaat. Daar is steeds ouers, oupas en oumas wat ander leerlinge op die skoolterrein konfronteer en met hulle "raas". Indien daar 'n probleem is, kontak asseblief die onderwyser.

Dit is vir ons onaanvaarbaar dat die veiligheid en opvoeding van ons leerders onder 'n paar ouers se onaanvaarbare gedrag moet ly. **Dit is 'n skoolreël dat geen ouer op die terrein mag wees voor- en na skool nie.** U moet asseblief u kind by die hek groet in die oggend en weer in die middag by die hek ontmoet. Indien u graag met 'n onderwyser wil gesels, is u welkom om 'n afspraak deur die kantoor met die onderwyser te maak.

Leerlinge wat vir hul ouers wag, moet asseblief by die wagarea wag. Die wagarea is onderdak en daar is bankies waarop die leerlinge kan sit. Geen kind mag êrens anders op die terrein speel of wag nie.

U is steeds welkom om u kind met na-skool aktiwiteite te kom ondersteun. Ons waardeer u samewerking in hierdie verband

12. Skoolfonds

Baie dankie aan al die ouers wie se skoolfonds tot op datum betaal is. As u kind se skoolfonds agterstallig is, doen ons 'n vriendelike beroep op u, om die skoolgeld so gou as moontlik tot op datum te betaal.

Goeie onderrig en 'n veilige skoolomgewing kan slegs geskep word as die skool oor die nodige fondse beskik.

13. "Communicator"

Indien u nog nie die D6 Communicator afgelaai het nie, volg asseblief net die volgende instruksies:
Gaan na http//www.d6.technology.com/downloads/school. Wanneer u dit aflaai, klik eers op "save" en dan op "run". U kan die D6 Communicator ook op selfoon of tablet installeer. Daar is verskillende "apps" vir u iPhone en Android wat u vanaf die "app" of "playstore" kan aflaai. Vir ander toestelle gaan na www.schoolcommunicator.mobi om toegang tot die "mobi site" te kry.

14. Belangrike datums

Hokkie- en Krieketdatums van die ligas is nog nie ontvang nie. Hou asseblief die "Communicator" dop vir verdere inligting.

Dinsdag	17 Julie	- Personeelvergadering
Vrydag	20 Julie	- Hokkie kliniek O/10 tot O/13
Saterdag	21 Julie	- Hokkie kliniek O/10 tot O/13
Saterdag	21 Julie	- Hokkie kliniek O/10 tot O/13
Maandag	23 Julie	-Top 15 en 5% styging aankondig
Woensdag	25 Julie	-Ouermiddag Graad R tot Graad 7
Donderdag	26 Julie	- Mnr. John Makgale verjaar
		-Hokkie liga begin
Vrydag	27 Julie	- Me. Louise Kühn verjaar
Maandag	30 Julie	-Buddieraad aankondig
Saterdag	4 Augustus	-Krieket 8-aan-'n-kant by Handhawer
Dinsdag	7 Augustus	-Hokkie liga
		-Hokkie kliniek O/7 tot O/9
Woensdag	8 Augustus	-Mnr. Pieter van Heerden verjaar
		-Me. Liesel Püke-de Beer verjaar
		-Hokkie kliniek O/7 tot O/9
Donderdag	9 Augustus	-Vrouedag
Vrydag	10 Augustus	-Skoolvakansiedag

15. Gedagte van die week

"Success is achieved by those who keep on trying" – John Maxwell

Vriendelike groete

P v Heerden

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof

Skeurstrokie (Omsendbrief 15/2018)

Vul asseblief die skeurstrokie in en stuur na u kind se voogonderwyser

Hiermee erken ek _____ ouer/voog van _____ ontvangs van Omsendbrief 15/2018.

_____ _____

Handtekening van ouer / voog Datum